BabyGym® Institute South Africa

SUKSES stories

BabaGim help baba Lebo kruip ten spyte van haar gesondheidsuitdagings

Grethe Posthumus

*'n Skuilnaam is gebruik aangesien Lebo in 'n plek van veiligheid woon en haar identiteit nie bekend gemaak kan word nie.

*Lebo is 'n 10 maande oue vegterjie wat in 2013 gebore is. Sy is met Spina Bifida ('n kongenitale gebrek wat veroorsaak word deur onvoltooide sluiting van die neurale buis) en Hidrocephalie (waterhoofie) gebore; sy is net na geboorte verskeie kere agv haar diagnose geopereer. Ek het Lebo vanaf 2 maande vir BabaGim begin sien. Sy was nog baie klein en ons was nie seker wat haar prognose sal wees nie, aangesien nie alle mediese rekords beskikbaar was nie.

Wat ek aanvanklik observeer het:

- Lebo het dit vermy om haar nek te draai in die rigting van die "shunt" wat in haar kop geplaas is om die oortollige water van haar brein na haar maag te dreineer.
- Sy het verminderde beweging gehad in haar onderste ledemate (veral haar enkels en tone)
- Ek het min/geen sensasie in haar voete waargeneem nie.
- Haar voete was in 'n dorsifleksie en inversie posisie (opwaarts en ingedraai), dus kon sy hulle nie tot by 90˚ buig nie.
- Haar voete was altyd koud en sy moes lekker warm, dik kouse dra.
- Haar boonste ledemate het aktief beweeg.
- Sy het gereageer op klanke.
- Haar ogies was wakker en sy het oogkontak gemaak.
- Sy het gekommunikeur deur geluidjies te maak (sy het jou mooi laat weet wanneer sy ongelukkig was en dadelik begin huil).

BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Ek het Lebo op ‘n gereelde basis begin sien en die versorgers van die huis opgelei om haar te stimuleer en gewys op watter oefeninge gefokus moes word.

Alhoewel ons al 5 weke van BabaGim intensief gedoen het, was ons fokus op die volgende:

- Masseer, masseer, masseer om ‘n liggaamskaart te skep, sirkulasie te verbeter en diepdruk toe te pas. Ek het veral gefokus op massering van die onderste ledemate omdat daar verminderde sensasie en beweging was
- Nekkontrole, aangesien spiere van bo na onder en van binne na buite ontwikkel, anders gestel: kop- en nekbeheer lei alle verdere ontwikkeling
- Versterking van kernspiere ter voorbereiding vir rol, sit en kruip en hopelik dalk eendag loop (al is dit dalk met hulp)
- Baie magietyd en baie vloer tyd vir vrye beweging
- Vestibulere stimulasie, aangesien haar beweging van die begin af beperk was.

Vandag is Lebo 10 maande en doen sommer baie goed:

- Sy draai haar nek aktief in albei rigtings
- Sy kan mooi rol (na albei kante)
- Sy sit sterk
- Sy kruip oral waar sy wil wees
- Sy staan op teen objekte (alhoewel sy nog wankelrig is)
- Sy staan (met hulp) vir kort periodes
- Sy kan haar voete al 90˚ buig, maar dit is nog moeilik
- Daar is goeie beweging in haar heupe en knieë, alhoewel dit nog nie sterk genoeg is nie
- Daar is nog min beweging in haar enkels en tone
- Ons is nog nie seker van sensasie in haar voete nie, maar sirkulasie is defnitief beter aangesien haar voete warmer is
- Sy is ‘n klein mejuffroutjie en draai almal om haar pinkie met haar mooi glimlag en sterk wil om te vorder.

Ons het vroeër genoem dat ontwikkeling van bo na onder plaasvind en daarom weet ons dat die voetjies met tyd en meer herhaling ook mooi sal ontwikkel soos die res van Lebo se lyfie. Net die feit dat Lebo kruip is ‘n GROOT mylpaal en ons almal was in ekstase oor haar groot wil om te vorder. Saam met die plek van veiligheid se span het ons groot dinge bereik en ons hoop om nog baie te vorder met Lebo!

p : 011 888 5434 **m** : 082 301 5860 **f** : 086 618 9038 **e** : institute@babygym.co.za
53 8th Street Linden, Johannesburg, 2195 . PO Box 44389 Linden, Johannesburg, 2104
www.babygym.co.za